BOSVELD SKIETOEFENING

1. Inleiding

Hierdie skietoefening het ten doel om die jag van medium grootte wildspesies in 'n tipiese bosveldomgewing na te boots. Die tel-areas op die teiken is relatief groot maar die skietposisies is redelik uitdagend. Die vereistes wat aan die geweer en teleskoop gestel word, is dus redelik laag, byvoorbeeld 'n .303 met 'n 4x vergroting teleskoop kan baie kompeterend gebruik word. Die vaardigheid van die skut gaan egter 'n groter rol speel ten einde goeie punte te behaal.

'n Bykomende doel van die oefening is om die speelveld in terme van toerusting vir die deelnemers meer gelyk te maak en ook om te sorg dat die lede van die SAJWV ook leer om hulle medium kaliber jaggewere op die skietbaan te kan gebruik.

2. Teiken

Die Blouwildebees-teiken of die Sebra-teiken van die SAJWV word gebruik of enige ander teiken van tyd tot tyd deur die skietkomitee goedgekeur. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk).

3. Universele reëls by skietoefeninge

Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items.

4. Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele

Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5. Kaliber

Minimum kaliber is **6.5mm (.264)**. Die 25-06 Rem (.257 kaliber) kwalifiseer nie. Minimum koeëlgewig word nie voorgeskryf nie om moderne ligter monolitise koeëls ook te akkommodeer. Let daarop dat alle koeëlgewigte vir hierdie skietoefening toegelaat, nie noodwendig geskik mag wees vir aanwending op die voorgestelde spesie op die teiken nie. Dit is die jagter se verantwoordelikheid om seker te maak dat die ammunisie wat gebruik word op die jag, geskik is vir die dier wat gejag word.

6. Visiere of teleskope

Teleskope se vergroting word tot 'n maksimum van **10x** beperk vir die hele skietoefening (9 skote) en mag nie tussen skote en/of oefeninge op groter as 10x vergroting gestel word nie – om bv. te dien as "spotting scope" is nie toelaatbaar nie.

7. Oefening (item verwysings na die dokument "Universele reëls by skietoefeninge")

a. Vanaf **150 meter** word **drie skote** in **90 sekondes** geskiet vanuit die knielposisie met skietstokke, vrye ondersteuning (verwys na item 18.3.2).
b. Vanaf **100 meter** word **drie skote** in **90 sekondes** geskiet vanuit die staanposisie met skietstokke, vrye ondersteuning (verwys na item 18.4.4)
c. Vanaf **50 meter** word **drie skote** in **30 sekondes** geskiet vanuit die vryhand staanposisie (verwys na item 18.4.1)

8. Erkenning

Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **160, 190 en 220** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van 270.

Teiken werklike grootte: WxH = 1000 x 750mm

Teiken areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Brein/skedel	136 x 96	102	80 %
Hart	117 x 135	128	--
V-hart	73 dia	42	33%
Sentrale hart/long	210 x 230	440	340 %
Groter hart/long	270 x 310	820	640 %

Nekwerwel: 70mm wyd
Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.



Teiken werklike grootte: WxH = 750 x 1000mm

Teiken areas	W x H mm	Area cm2	vs Hart
Brein/skedel	115 x 105	102	80%
Hart	117 x 135	128	--
V-hart	73 dia	42	33%
Sentrale hart/long	200 x 250	440	340%
Groter hart/long	270 x 310	820	640%

Nekwerwel: 70mm wyd
Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.
Blouwildebees en Sebra se vitale areas is presies dieselfde grootte